REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

*Regulation Gazette* **No. 6155** *Regulasiekoerant*

Vol. 394 PRETORIA, 6 APRIL 1998 No. 18824

## PROCLAMATIONS

***by the***

***President of the Republic of South Africa***

**No. R. 39, 1998**

**COMMENCEMENT OF THE DIVORCE COURTS AMENDMENT ACT, 1997 (ACT No. 65 OF 1997)**

Under section 5 of the Divorce Courts Amendment Act, 1997 (Act No. 65 of 1997), I hereby fix **6 April 1998** as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixth day of April, One thousand Nine hundred and Ninety-eight.

**N. R. MANDELA**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister of the Cabinet**

# PROKLAMASIES

***van die***

***President van die Republiek van Suid-Afrika***

**No. R. 39, 1998**

## INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP EGSKEIDINGSHOWE, 1997 (WET No. 65 VAN 1997)

Kragtens artikel 5 van die Wysigingswet op Egskeidingshowe, 1997 (Wet No. 65 van 1997), bepaal ek hierby **6 April 1998** as die datum waarop genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van April Eenduisend Negehonderd Agt-en-negentig.

**N. R. MANDELA**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister van die Kabinet**

---

**No. R. 40, 1998**

## ESTABLISHMENT OF DIVORCE COURTS UNDER SECTION 10 (1) (a) OF THE ADMINISTRATION AMENDMENT ACT, 1929

Under section 10 (1) (a) of the Administration Amendment Act, 1929 (Act No. 9 of 1929), I hereby establish the Divorce Courts mentioned in the Schedule which shall have jurisdiction, as contemplated in section 10 (1) of the said Act, to hear and determine suits relating to the nullity of a marriage and relating to divorce between persons and to decide upon any question arising therefrom.

Proclamations Nos. R. 266 of 20 September 1968 and R. 113 of 29 July 1983 are hereby repealed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixth day of April, One thousand Nine hundred and Ninety-eight.

**N. R. MANDELA**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The North Eastern Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction determined by the Minister of Justice by notice in the *Gazette*.
2. The Southern Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction determined by the Minister of Justice by notice in the *Gazette*.
3. The Central Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction determined by the Minister of Justice by notice in the *Gazette*.

**No. R. 40, 1998**

## INSTELLING VAN EGSKEIDINGSHOWE KRAGTENS ARTIKEL 10 (1) (a) VAN DIE ADMINISTRASIE WYSIGINGSWET, 1929

Kragtens artikel 10 (1) (a) van die Administrasie Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), stel ek hierby die Egskeidingshowe vermeld in die Bylae in wat regsbevoegdheid het om, soos beoog in artikel 10 (1) van genoemde Wet, regsgedinge te verhoor betreffende die nietigheid van 'n huwelik en betreffende egskeidings tussen persone en om oor enige vraag wat daaruit voortspruit, te beslis.

Proklamasies Nos. R. 266 van 20 September 1968 en R. 113 van 29 Julie 1983 word hierby ingetrek.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van April, Eenduisend Negehonderd Agt-en-negentig.

**N. R. MANDELA**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister van die Kabinet**

## BYLAE

1. Die Noordoostelike Egskeidingshof, met regsbevoegdheid binne die regsgebied soos deur die Minister van Justisie by kennisgewing in die *Staatskoerant* vasgestel.
2. Die Suidelike Egskeidingshof, met regsbevoegdheid binne die regsgebied soos deur die Minister van Justisie by kennisgewing in die *Staatskoerant* vasgestel.
3. Die Sentrale Egskeidingshof, met regsbevoegdheid binne die regsgebied soos deur die Minister van Justisie by kennisgewing in die *Staatskoerant* vasgestel.

---

**No. R. 41, 1998**

## SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT No. 74 OF 1996)

## REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT AND SPECIAL TRIBUNAL

WHEREAS allegations as contemplated in section 2 (2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), have been made in respect of the affairs of the State institutions mentioned in the Schedule (hereinafter referred to as "the State institutions");

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and any justiciable civil disputes emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2 (1) of the said Act, and after consultation with the Premier of the Province of KwaZulu-Natal, refer the matters in the Schedule for investi-gation to the Special Investigating Unit and for adjudication of any justiciable civil dispute emanating from such investigation to the Special Tribunal established by Proclamation No. R. 24 of 14 March 1997 and determine that, for the purposes of the investigation of these matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the said Act, any—

(a) serious maladministration in connection with the affairs of any such State institution;

(b) improper or unlawful conduct by employees of any such State institution;

(c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;

(d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practise having a bearing upon State property;

(e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;

(f) corruption in connection with the affairs of any such State institution; or

(g) unlawful or improper conduct by any person which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which has taken place between 1 April 1996 and the date of publication of this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixth day of April, One thousand Nine hundred and Ninety-eight.

**N. R. MANDELA**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The fraudulent, irregular and/or unauthorised altering of cheques of the Tribal Levies and Trust Account administered by the provincial Department of Traditional and Environmental Affairs of KwaZulu-Natal, by Government officials and private individuals, and the presentation of such cheques for payment.

2. The fraudulent, irregular and/or unauthorised drawing of cheques of the provincial Departments of Traditional and Environmental Affairs, Local Government and Housing and Agriculture of KwaZulu-Natal and the Directorate: Communication Services in the Department of the Premier of KwaZulu-Natal, by officials of the said provincial Departments, and the subsequent cashing of the cheques by laundering them through certain business accounts.

**No. R. 41, 1998**

## WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET No. 74 VAN 1996)

## VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEK-EENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2 (2) van die Wet op Spesiale Ondersoek-eenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Staatsinstellings vermeld in die Bylae (hierna "die Staatsinstellings" genoem);

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en beregbare siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2 (1) van gemelde Wet, en na oorleg met die Premier van die provinsie van KwaZulu-Natal, die aangeleenthede in die Bylae vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid en vir beregting van enige beregbare siviele geskil voortspruitend uit sodanige ondersoek na die Spesiale Tribunaal ingestel by Proklamasie No. R. 24 van 14 Maart 1997 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van daardie aangeleent-hede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om, soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige—

(a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van enige sodanige Staatsinstelling;

(b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers van enige sodanige Staatsinstelling;

(c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;

(d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat betrekking het op die Staatseiendom;

(e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;

(f) korrupsie in verband met die sake van enige sodanige Staatsinstelling; en

(g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie van die publiek veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 April 1996 en die datum van publikasie van hierdie Proklamsie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Sesde dag van April, Eenduisend Negehonderd Agt-en-negentig.

**N. R. MANDELA**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**A. M. OMAR**

**Minister van die Kabinet**

## BYLAE

1. Die bedrieglike, onreëlmatige en/of ongematigde verandering van tjeks van die "Tribal Levies and Trust Account" wat deur die provinsiale Departement van Tradisionele en Omgewingsake van KwaZulu-Natal geadministreer word, deur regeringsamptenare en private individue, en die aanbieding van sodanige tjeks vir betaling.

2. Die bedrieglike, onreëlmatige en/of ongemagtigde trekking van tjeks van die provinsiale Departemente van Tradisionele en Omgewingsake, Plaaslike Regering en Behuising en Landbou van KwaZulu-Natal en die Direktoraat: Kommunikasiedienste in die Departement van die Premier van KwaZulu-Natal, deur amptenare van die genoemde provinsiale Departemente, en die gevolglike tegeldemaking van die tjeks by wyse van geldwassery deur sekere besigheidsrekeninge.

# GOVERNMENT NOTICE

# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTMENT OF JUSTICE
## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

**No. R. 556** **6 April 1998**

ADMINISTRATION AMENDMENT ACT, 1929

### DETERMINING OF THE AREA OF JURISDICTION OF THE DIVORCE COURTS

Under section 10 (2) of the Administration Amendment Act, 1929 (Act No. 9 of 1929), I, Abdulah Mohamed Omar, Minister of Justice, hereby determine the areas of jurisdiction of the Divorce Courts established in terms of section 10 (1) of the Act as set out in the Schedule.

**A. M. OMAR**
**Minister of Justice**

### SCHEDULE

PART 1

The North Eastern Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction of the Province of KwaZulu-Natal, the Province of Mpumalanga, the Northern Province, including, the following areas within the Province of Gauteng, namely the Magisterial Districts of Pretoria, Soshanguve, Wonderboom, Cullinan and Bronkhorstspruit, and the following areas within the Province of North West, namely the Magisterial Districts of Rustenburg, Bafokeng and Madikwe.

PART 2

The Southern Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction of the Province of the Western Cape, the Province of the Eastern Cape, the Province of the Northern Cape and the Province of the Free State.

PART 3

The Central Divorce Court, with jurisdiction within the area of jurisdiction of the Province of Gauteng and the Province of North West, excluding the following areas within the Province of Gauteng, namely the Magisterial Districts of Pretoria, Soshanguve, Wonderboom, Cullinan and Bronkhorstspruit, and the following areas within the Province of North West, namely the Magisterial Districts of Rustenburg, Bafokeng and Madikwe.

**No. R. 556** **6 April 1998**

ADMINISTRASIE WYSIGINGSWET, 1929

### VASSTELLING VAN DIE REGSGEBIED VAN DIE EGSKEIDINGSHOWE

Kragtens artikel 10 (2) van die Administrasie Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), stel ek, Abdulah Mohamed Omar, Minister van Justisie, hierby die regsgebiede van die Egskeidingshowe ingestel kragtens artikel 10 (1) van die Wet, vas soos in die Bylae uiteengesit.

**A. M. OMAR**
**Minister van Justisie**

# BYLAE

## DEEL 1

Die Noordoostelike Egskeidingshof, met regbevoegdheid binne die regsgebied van die provinsie KwaZulu-Natal, die provinsie Mpumalanga, die Noordelike Provinsie, insluitende, die volgende gebiede binne die provinsie Gauteng, naamlik die landdrosdistrikte Pretoria, Soshanguve, Wonderboom, Cullinan en Bronkhorstspruit, en die volgende gebiede binne die provinsie Noordwes, naamlik die landdrosdistrikte Rustenburg, Bafokeng en Madikwe.

## DEEL 2

Die Suidelike Egskeidingshof, met regsbevoegdheid binne die regsgebied van die provinsie Wes-Kaap, die provinsie Oos-Kaap, die provinsie Noord-Kaap en die provinsie Vrystaat.

## DEEL 3

Die Sentrale Egskeidingshof, met regsbevoegdheid binne die regsgebied van die provinsie Gauteng en die Noordwes-provinsie, uitsluitende die volgende gebiede binne die provinsie Gauteng, naamlik die landdrosdistrikte Pretoria, Soshanguve, Wonderboom, Cullinan en Bronkhorstspruit, en die volgende gebiede binne die Noordwes-provinsie, naamlik die landdrosdistrikte Rustenburg, Bafokeng en Madikwe.

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATIONS** | | |
| R. 39 | Divorce Courts Amendment Act (65/1997): Commencement | 1 | 18824 |
| R. 40 | Administration Amendment Act (9/1929): Establishment of Divorce Courts | 2 | 18824 |
| R. 41 | Special Investigation Units and Special Tribunals Act (74/1996): Referral of matters to existing special Investigating Unit and Special Tribunal State institutions | 3 | 18824 |
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| **Justice, Department of** | | | |
| *Government Notice* | | | |
| R. 556 | Administration Amendment Act (9/1929): Determining of the area of jurisdiction of the Divorce Courts | 6 | 18824 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIES** | | |
| R. 39 | Wysigingswet op Egskeidingshowe: Inwerkingtreding | 2 | 18824 |
| R. 40 | Administrasie Wysigingswet (9/1929): Instelling van Egskeidingshowe | 3 | 18824 |
| R. 41 | Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale (74/1996): Verwysing van aangeleenthede na bestaande Spesiale Ondersoekeenheid en Spesiale Tribunaal: Staatsinstellings | 4 | 18824 |
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| **Justisie, Departement van** | | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | | |
| R. 556 | Administrasie Wysigingswet (9/1929): Vasstelling van die regsgebied van Egskeidingshowe | 6 | 18824 |


Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel 334-4507, 4511, 4509, 4515
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel. 334-4507, 4511. 4509. 4515